**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I1.20 VOL. 142 PG. 7055-7113.

**SAAKNOMMER: CC 482/85** DELMAS

1986-09-04

**DIE STAAT** teen: **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST** EN

**ASSESSORE:** **MNR. W.F. KRÜGEL**

**PROF. W.A. JOUBERT**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**

**ADV. P. FICK**

**ADV. W. HANEKOM**

142

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**

**ADV. G. BIZOS**

**ADV. K. TIP**

**ADV. Z.M. YACOOB**

**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 142**

(**Bladsye 7 055 - 7 113**)

HOF HERVAT 1986-09-04

LEENDERD PIETER CHRISTIAAN JANSEN v.o.e.

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB: Colonel, can I take you back, please to photograph ABD(7)17. -- Ja, ek sien daardie een.

I suggest to you that your explanation about a very short battery contact problem is improbable because the machine was being switched off and the battery being disconnected at that time anyway. -- Ja. Hierdie sou neerkom op 'n dubbele breek van kontak. Dit is nie duidelik hoe lank dit vat wanneer 'n mens die knop begin druk voordat al die elektronika afgeskakel word nie. In hierdie geval het ons te doen met iets wat omtrent een vyfde van 'n sekond gebeur na die punt waar die stopmeganisme begin en ek kan my voorstel - wel, ek weet verseker dat in meeste bandmasjiene daar meer as een skakelaar is wat elektrisiteit na verskillende dele beheer en dit is sekerlik waar vir die opneemtoestand, wanneer beide die speel- en die opneemknoppies ingedruk is, en daarom beskou ek dit as natuurlik dat daar 'n klein tydsverskil kan bestaan tussen tye wanneer krag afgeskakel word na die verskillende dele en in die lig daarvan beskou ek dit as heeltemal billik om die verduideliking te gee soos ek dit gegee het in hierdie geval.

Is it your opinion that the power source of battery was disconnected and then reconnected during this period? -- Ja. My opinie is dat met die afskakelproses, en dit gebeur dikwels by skakelaars, daar 'n kort oomblikkie was waar die krag begin afgaan het en weer aangegaan het vir 'n kort rukkie en dan af. Met ander woorde dit is met die afskakel van 'n deel van die elektronika - was dit nie 'n skoon afskakeling nie, maar 'n sogenaamde vuil afskakeling waar daar nie meteens

kontak/..

kontak onderbreek word nie, maar waar kontak gebreek word en weer gemaak word en dan verbreek word.

Is this the only place on this tape where you - and by this tape I mean both the tapes involved here, 71 and 72, in this series of tapes - sorry, 31 and 32 - is this the only place in both tapes where you come across this phenomenon where the battery disconnects itself and reconnects itself during the putting-off process? -- Ja, as ek reg onthou is dit die enigste plek waar ek so iets waargeneem het wat ek op daardie manier verklaar gedurende afskakeling.

You say that different types of tape-recorders would give somewhat different pulses when they are put off, is that right? -- Ja, dit is korrek. Terwyl ons praat van die afskakeling by teller 024 op BEWYSSTUK 31(1), dit wil sê BEWYSSTUKKE ABD(7)16 en (7)17, is daar net graag iets wat ek daaromtrent wil noem en dit is omtrent die tydsduur vandat die sein verdwyn totdat die sein weer aankom wat in hierdie geval ongeveer twee sekondes is, ŉ bietjie meer as twee sekondes. Op die oog af kan dit miskien taamlik lank klink, maar dit is my ondervinding dat daar verskeie bandmasjiene is wat sulke pouses kan veroorsaak by normale stop en weer aansit in die "record"-modus wat omtrent twee sekondes of selfs langer kan wees. In dié verband is daar twee aspekte wat ŉ rol speel. Die een is die traagheid van die band om tot stilstand te kom by afskakeling en die tweede is die doelbewuste vertraging in die elektronika by aanskakeling wat deur die vervaardigers in bandmasjiene ingebou word. In die eerste geval beteken dit dat by die druk van die stopknoppie word pulse op die band geplaas om die posisie aan te dui wanneer die stopknoppie gedruk is - eintlik moet ek nie sê die

pulse is daar om die posisie aan te dui nie, dit gaan saam met die posisie van waar die stop gedruk is. Die opneemproses eindig dan feitlik onmiddellik, maar afhangend van die traagheid van die sisteem, kan die band nog ŉ entjie verder beweeg voordat die band self tot stilstand kom. By aanskakeling is daar die doelbewuste vertragingsmeganisme wat ŉ tweërlei funksie het. Die eerste is om te verhoed dat sterk pulse opgeneem word op die band en die tweede is om te verseker dat al die elektroniese bane reeds goed funksioneer voordat die opname ŉ aanvang neem. Dit is om te verhoed dat vervormde klank, "distorted sound", op die band opgeneem word. By sommige moderne bandmasjiene is daar ŉ neiging om te sorg dat daar ŉ tydsvertraging van tot vier sekondes sal bestaan tussen die einde van die opname en die begin van die volgende opname nadat die masjien af- en weer aangesit is. By sommige beter klas kassetbandmasjiene word daar twee fasiliteite verskaf, een wat min tydsvertraging sal veroorsaak en een wat doelbewus ongeveer vier sekondes - ŉ vier sekonde-gaping sal veroorsaak. In die eenvoudiger bandmasjiene word daar nie twee fasiliteite verskaf nie, maar daar word verseker dat daar altyd ŉ sekere gaping sal bestaan tussen die ou opname en die nuwe opname. Een van die redes hiervoor is dat baie van die moderne kassetdek-bandmasjiene ŉ fasiliteit het wat genoem word "music search" .... (tussenbeide)

HOF: Loop ons nie nou ŉ bietjie wyd nie, doktor? Wat was die vraag? -- U Edele, ja, dit hou nie direk verband met die vraag nie, maar dit ...

Ons moet kyk of ons ons kan beperk tot die vraag anders gaan die kruisondervraging eindeloos wees. -- Dit het te doen met ŉ ander aspek wat genoem is in verband met ŉ ander

opname/..

opname waar dieselfde situasie voorkom.

Ja, maar ons is nou besig met hierdie spesifieke punt. As daar enige verdere toeligting nodig is, kan mnr. Jacobs dit van u later vra. -- Reg.

MR YACOOB: Now, let us go back to photograph (7)17. I just want to put it to you that your explanation for this pulse variation amounts to speculation and that it is very possibly simply a pulse variation caused by different circumstances. -- Ek het reeds verduidelik dat die vinnige oorgang in daardie puls dui aan dat daar ŉ diskontinuïteit was. Om daardie rede is dit definitief nie slegs ŉ normale puls-variasie nie. Daar het iets addisioneels plaasgevind.

For example, I suggest to you, that this variation in the pulse could be the result of a different machine having been used. -- Nee, dit kan ek nie aanvaar nie, want ŉ ander masjien sou ŉ ander tipe pulspatroon miskien veroorsaak het, maar dit sou nie die diskontinuïteit verklaar nie. Die diskontinuïteit wat in hierdie puls voorkom is iets wat sou moes gebeur het addisioneel tot enige normale handeling.

I suggest to you also that the sound immediately preceding the stage at which the machine was put off, could also give rise to pulse variation. -- Nee, dit kan wel ŉ invloed hê op die puls wat by die opneemkop veroorsaak word, maar nie ŉ effek op die puls wat by die wiskop veroorsaak word nie en hierdie spesifieke puls waaroor gepraat word, is die een wat by die wiskop veroorsaak word.

I suggest to you also that the pulse could be modified by the sound immediately succeeding the time it could be put off, the time the machine was put off after it was put on again when the pulse caused by the erase head in fact

went/..

went past the record head. -- Weer eens die wiskop het niks te doen met die inkomende klank òf voor die stop òf na die stop nie en aangesien dit duidelik is van die boonste foto, ABD(7)16 dat daar 'n aansienlike tyd verloop na hierdie groot puls wat deur die wiskop veroorsaak word en voordat die sein wat opgeneem word weer deurkom, kan ek daardie verduideliking ook nie aanvaar nie.

You would agree that whether there was an erasure of an existing recording or not, can be worked out only by reference to all the circumstances and not only the photographs. -- Dit is korrek.

I want to suggest to you that generally these characteristics are the following ... (intervention)

COURT: Which characteristics?

MR YACOOB: The characteristics of a recording or an erasure of an existing recording over an existing recording. First one gets a depression which is a combination of a distortion and softening of sound for ,5 seconds or thereabouts, then one gets the period during which the recording is made which would vary in time and which would vary about whether it is silent or something comes up on it, depending on whether sound is fed into it or not. Finally you will get, at the end of this process, you will get the five seconds of silence - .5 seconds of silence before recommencement of the original recording. I put it to you that generally these are the characteristics. -- Ja, ek stem daarmee saam, behalwe vir die een situasie wat genoem is "distortion" wat kom in die sogenaamde "depression" van klank. As "distortion" bedoel word om aan te dui dat die klank nou lelik klink dan stem ek nie daarmee saam nie. As dit bedoel word om aan te dui dat die klank

verander/..

verander word ten opsigte van wat dit oorspronklik was, dan stem ek wel daarmee saam.

I just want to deal with the explanation you have given about the time gap at your counter reading 024. Have you any idea - before that, will you please look in connection with that at ABD(3), photographs attached thereto 5 and 6 and 9 and 10. These are your examples of typical off/on interruptions in two cassette recorders. -- Dit was - laat ek net weer duidelikheid kry. Het u gesê ABD(7)3?

No, no, no. ABD(3) and the photographs attached to ABD(3) which I want you to pay particular attention to are photographs 5 and 6 on the one hand and 9 and 10 respectively. You will find them on the second and third pages of the photographs. -- O ja. Ja, ek het dit.

Do you accept that those were examples which you put up of what happens in what is shown on the oscilloscope in an off/on interruption in two cassette recorders? -- Ja, dit is korrek.

And you chose these recorders, these particular cassette records, because they would be generally speaking of the type used by the police in the field, as I understood your evidence, is that correct? -- Ja, met die verstandhouding dat daar meer as hierdie is wat deur die polisie gebruik word, maar hierdie is 'n tipe wat ook wel deur hulle gebruik word.

Is it correct that the time-scale of all those photographs is one second? That is a horizontal time-scale? -- Vyf en ses asook 9 en 10 is in alle gevalle een sekonde, dit is korrek, ja.

And do you accept that according to those photographs the whole process of off and on is completed within the one second time scale which you have chosen? -- Ja, dit is korrek.

Do you/..

Do you accept that that is the time-scale for, generally speaking, the reasonably unsophisticated cassette recorder such as those you have used to make that example? -- Nee, dit kan ek nie aanvaar nie. Ek het al verskeie variasies gevind. Hierdie twee voorbeelde toevallig, daar gebeur die hele proses in minder as een sekonde, maar ek het al met verskeie bandmasjiene te doene gehad, kassetbandmasjiene, redelik eenvoudige masjiene, wat aansienlik meer as een sekonde vertraging gee tussen die ou en die nuwe opname.

Could you please give us one or two examples of battery operated portable cassette recorders which would take two seconds to complete the process? -- Herhaal net die vraag weer. Ek het nie die eerste deel gehoor nie.

Could you please give us one or two examples of battery operated cassette recorders which would take two seconds to complete the process. -- Wel, ek weet vir 'n feit dat my Sony TC142 ongeveer 1,8 sekondes vat vir die hele proses. Ek kan nie afhand-syfers gee vir ander opnemers nie.

There is a National Panasonic machine in court. I do not know whether it is available now.

COURT: What is the point, Mr Yacoob?

MR YACOOB: My Lord, I just wanted to ask him whether on the assumption that the recording was made by the National Panasonic if he could look at the recorder and tell us whether he has any idea of the time gap on that machine.

COURT: Now, can one look at a machine and just say what is the time gab?

MR YACOOB: He may know the machine and may have done some experiments, but if he did not then I will ...

COURT: Well, you can show him the machine during the

lunch adjournment.

MR YACOOB: We would like you to see a National Panasonic machine which has been at court, which we will give to you and we would like you to be able to tell us on the assumption that that was the type of machine used, what sort of time gap it would take. -- Goed, ek sal daarna kyk. Dit dien natuurlik duidelik verstaan te word in hierdie verband dat wanneer ŉ bandmasjien afgeskakel word en weer aangeskakel word, dan kan ŉ mens nie na die tyd altyd vasstel of daar dalk ŉ geval was waar iemand die band doelbewus of per ongeluk ŉ bietjie aangespeel het in daardie tyd nie en ek neem nou die voorbeeld van waar iemand ŉ bandmasjien stop en dan wil seker maak of hy ŉ opname gehad het, so hy gaan ŉ bietjie terug, hy luister daarna tot die punt waar hy weet dit is die punt waar ek gestop het, dan druk hy weer die stopknoppie en in so ŉ geval kan ŉ mens natuurlik ŉ willekeurige addisonele tydslengte byvoeg wat nie na die tyd waargeneem kan word nie.

Could that be an additional explanation for what happened at counter no. 024? Your counter no. 024, or an alternative explanation. -- Ek is geneig om te sê nee. Ek is geneig om te dink dat die bandmasjien self ŉ taamlike lang tyd veroorsaak, maar sonder om die spesifieke bandmasjien te toets en daarby bedoel ek nie dieselfde tipe nie, maar daardie selfde spesifieke bandmasjien, sonder om dit te toets, kan ŉ mens nie seker wees nie, maar ŉ mens weet in ieder geval verseker dat in al sulke gevalle moet die moontlikheid van ŉ addisionele tyd wat op ŉ ander manier ingesit is, wel oorweeg word.

I would like you please to look at, just to finish with counter reading 024, to look at photograph ABD(7)16. -- Ja, ek het dit.

Do you/...

Do you accept that, when one looks at that photograph, it is quite clear that the sound having stopped after the machine was switched off, came in again without any pulse indicated? -- Nee, daar is wel 'n klein pulsie. Op die oorspronklike is dit duideliker sigbaar, maar selfs op die kopieë kan daar ongeveer 4 millimeters net voor die sterk sein inkom, kan daar 'n klein pulsie gesien word wat hoofsaaklik na die bokant staan.

Can you say for what sort of machine that sort of small pulse is typical, for coming into the recorder? -- Nee, dit is iets wat ek glad nie weet nie. My indruk was ook dat in bandmasjiene van dieselfde soort sal daar dikwels, ongeveer dieselfde tydslengte wees tussen so 'n pulsie en waar die spraak begin, maar die grootte van die puls kan varieer en sal waarskynlik van geleentheid tot geleentheid varieer.

Would you say then that that little pulse which you have indicated shows the start of the recording, at counter no. 024? -- Ek sal dit graag 'n bietjie anders stel en dit is naamlik dat daardie klein pulsie sou ek beskou as deel te wees van die begin van die opname en ek sê dit in die sin dat die opneemknop en die speelknop kon dalk voor die tyd ingedruk gewees het, maar dat die masjien op daardie stadium eers enige pulse op die band begin sit.

I would now like to get back to what happened at counter reading 442 to 445 and your photographs ABD(7)11 and (7)12. Is this the only pulse of this nature, that is of the switch off pulse or which we say is the switch off pulse and which you say is a pulse consequent upon a battery contact in ABD(7)12, that is the pulse I am talking about. Is this the only pulse of this nature which you came across on this recording, that is to

say/..

say 31(1) and 31(2) taken together. -- Die puls waarna verwys word, is die pulsgroep wat begin ongeveer 70 millimeters vanaf die linkerkant op ABD(7)12 en my antwoord daarop is dat ek nie kan onthou of ek soortgelyke pulse op enige ander plek van die band raak gesien het nie. Wat ek egter wel onthou, en daarvan is ek heeltemal seker, is dat ek pulse gesien het wat sou ooreenstem met die eerste deel van hierdie pulsgroep wat .. (intervention)

By that you refer to the first two small pulses? Comparatively speaking. -- Selfs minder as die eerste twee klein pulse, soms selfs ŉ deel van die eerste puls en ŉ mens sou kan oorweeg dat sulke gevalle ŉ situasie is van ŉ baie kort verbreking van die batterykontak. Dat hy vir ŉ baie kort tydjie verbreek was en dan weer herstel het.

Do you say that that short battery interruption is indicated by the first part of the pulses which you have indicated? -- Ek het nie by daardie gevalle waar ek net ŉ baie kort deeltjie van die puls gesien het gewoonlik ŉ kommentaar gemaak dat dit batterykontakverbreking is nie omdat in afwesigheid van verdere getuienis ŉ mens nie seker kan wees nie en tweedens was daar ŉ groot aantal gevalle waar die gedeelte van die puls teenwoordig was, maar waar dit geen noemenswaardige invloed op die opname gehad het nie. Met ander woorde dat daar slegs ŉ klein geluidjie bykom by die opname, maar dat dit verder die opname nie steur nie. Ek onthou dat ek verskeie sulke plekke op die ossilloskoop gesien het wat nie eers met die oor hoorbaar was nie, maar my mening is dat daardie verskynsels wel toegeskryf kan word aan batterykontakprobleme.

But as far as pulses are concerned and to the extent that you use pulses to make your conclusion, are you saying

that/..

that it is the first part of the pulses to which you have referred which indicates battery contact problems? Leaving aside the other evidence now that we are talking about. -- Nee. Ek het reeds gesê ek kan nie net die eerste gedeelte beskou as aanduiding dat dit wel batterykontakprobleme is nie en nou moet ek daar onderskei as 'n positiewe aanduiding nie, maar dit is wel 'n mate van 'n aanduiding, ja. In daardie opsig is dit korrek.

Is there anything else in that pulse which confirms your opinion? In that group of pulses. -- Ja, dit het ek reeds verduidelik gister, dat die manier waarop die pulsgroep vervormd is met die afwesigheid van die derde puls, dui vir my daarop dat weer eens gedurende die pulsgroep het daar dinge verkeerd gegaan.

How do you explain the approximately half a second silent gap immediately before the group of pulses which begin at 70 millimetres from the left-hand side of the photograph? -- Ek verklaar dit daardeur dat ek sê dat met die batterykontakprobleem wat ontstaan het, het die voorspanning op die opneemkop geheel of gedeeltelik verdwyn en wanneer die voorspanning weg is of baie swak is, kan daar geen goeie opname gemaak word in daardie deel nie.

I thought you said yesterday that the group of pulses beginning at 70 millimetres from the left-hand side indicated the beginning and the end of the battery contact problem. That is the disconnection and the reconnection. -- Ja, dit is korrek, maar dit moet in gedagte gehou word dat die proses gelyktydig op twee dele van die band 'n invloed het, naamlik by die opneemkop en by die wiskop. Die batterykontakverbreking sal veroorsaak dat daar 'n pulse deur die opneemkop op die

band/..

band geplaas word sowel as deur die wiskop, maar afhangend van wanneer die batterykontak herstel kan die plek waarby opname weer voortgesit word op enige punt voorkom na die pulse wat deur die opneemkop op die band geplaas is.

What is the time span covered the group of pulses starting at 70 millimetres from the left of the photograph? -- Kan ek net daardie vraag antwoord voordat ek hierdie - verder gaan?

What is it .. -- Wat ek wou sê is dat die opneemkop kan weer begin werk voordat die puls wat deur die wiskop op die band gesit is by die opneemkop verbygaan en dit kan veroorsaak dat die wiskop, wat nou weer geheel of gedeeltelik werk, die puls wat - nee, nee, ekskuus. Dit kan veroorsaak dat die opneemkop wat nou weer geheel of gedeeltelik werk, die puls wat deur die wiskop op die band geplaas is, kan verander. Hy kan hom van vorm verander en hy kan hom kleiner maak as wat hy oorspronklik was. In hierdie geval lyk dit vir my asof die opneemkop weer begin werk het op die tydstip wanneer die puls wat deur die wiskop veroorsaak is by die opneemkop verbygegaan het en daarom is die laaste deel van hierdie puls gemodifiseer.

I just want to put it to you that .. (tussenbeide)

MNR. JACOBS: Ek dink daar is nog 'n vraag wat nie geantwoord is nie, die distansie wat ... (tussenbeide)

HOF: Kan iemand nog die vraag onthou?

MR YACOOB: I asked him what time span was covered by the group of pulses starting 70 millimetres from the left of the photograph. -- Dit is moeilik om te sê presies wat die tydslengte hier is, want daar is nog addisionele effekte op die spel, maar dit lyk vir my in millimeter vanaf die foto gemeet is dit so iets soos 10 millimeter ongeveer.

We make it 7½ millimetres, but even on your

calculation/..

calculation the silence is about twice as long as the time taken for the battery to disconnect and reconnect. -- Ja, die stiltetjie tussen die twee pulse is die gewone ongeveer 24 millimeter op die tydskaal van twee sekondes op hierdie foto's wat dan weer terugwerk na ongeveer 'n half sekonde.

I put it to you that that 5 seconds represent a clean tape prepared for recording and that your explanation is not acceptable. -- Ek stem saam dat daardie half seconde is band wat voorberei is vir opname, want dit is band wat reeds uitgevee is deur die wiskop, maar waarop nog nie opgeneem is deur die opneemkop nie, maar andersins hou ek by my verduideliking.

I further want to put it to you that if the bias goes off the recording head would record signals even more loudly rather than more softly. -- Ek is nie seker dat ek die vraag verstaan nie. Ek kan nie .. (intervention)

COURT: Neither do I. Is it suggested that the bias goes off, the scrambling effect, not the scrambling effect - yes, the sort of levitational effect disappears and therefore the recording is louder?

MR YACOOB: My Lord, no. It is suggested that if the bias goes off, then the recording level is louder.

COURT: Why?

MR YACOOB: Because the purpose of the bias, as I understand it, is to control that recording level. Let me just take instructions. My Lord, my instructions are that the signal level goes down as you apply bias and in fact goes up as you reduce bias. This is based on the fact that the purpose of the bias is in fact to soften up the magnetic particles so as to make, as I understand it, a more controlled sort of

recording/..

recording when the recording is made, but I am told quite clearly that bias, the presence of bias causes the recording level to go down, absence of bias, while increasing distortion, causes the recording level to go up.

HOF: Wat sê u daarvan? -- Dit is heeltemal iets nuuts vir my. Al die publikasies oor die onderwerp wat ek al bestudeer het wys daarop dat daar ŉ geweldige deurbraak gekom het in die maak van bandopnames toe die mense begin het om voorspanning op te sit. Met voorspanning word die sein met ŉ faktor van ongeveer 30 na 40 keer beter op die band opgeneem as sonder voorspanning, maar dit is wel afhanklik van frekwensie. Met ander woorde die voorspanning wat die beste opname sal veroorsaak by 500 herts is eintlik te veel vir dit wat nodig is by 5 000 herts. Onder normale omstandighede sou ŉ mens dus vind dat indien die voorspanning verminder word die hoë frekwensies vir eers ŉ klein bietjie beter opgeneem word tot by die punt waar die limiet bereik word vir die hoë frekwensies, of sal ek sê tot by die punt waar die optimum bereik word vir die hoë frekwensies, maar as die voorspanning nog verder daal, dan daal die opnamevlak dramaties en dit is juis hierdie kritiese effek ten opsigte van die voorspanning wat veroorsaak dat ŉ bandkopkontak baie belangrik is aangesien die voorspanning wat op die band ŉ effek het vinniger afneem of sal ek sê baie vinnig afneem soos wat die band verder weg van die kop sou beweeg. So my antwoord op die vraag is dat ek nie daarmee saamstem nie en dat ek nog nooit daardie sienswyse gehoor het nie.

MR YACOOB: I put it to you that the effect of bias is to improve the recording by decreasing distortion. -- Ek kan nie daarmee saamstem nie.

My Lord, I/..

My Lord, I am told that no. 7 has an urgent matter of need for which he has to leave. I ask Your Lordship's permission ..

COURT: Very well.

MR YACOOB: I want to put it to you that what is reflected on photograph ABD(7)12 is in fact the tape recorded being switched off with some variation in pulse. -- Ja, ek sê ook dat die bandmasjien daar afgegaan het, maar ek neem aan dat die vraag impliseer dat dit afgeskakel is deur die stopknoppie te druk terwyl ek sê dit het afgegaan deur ŉ soortgelyke meganisme, naamlik deur batterykontakverbreking.

And I want to put it to you that there is nothing in that pulse which indicates the tape recorder going on again, after it had been switched off, after it went off. -- Wel, dit is duidelik dat die bandmasjien weer op een of ander manier aangekom het. So, ek verstaan nie daardie vraag nie.

And I put it to you that the reason why you can hear things on the tape after that is because that was the end of a recording over a pre-existing recording and all you hear after that is a pre-existing recording. -- Ja, ek stem nie daarmee saam nie.

To come back to the other proposition I put to you, I put it to you that there is nothing - there is no pulse which indicates that the machine was switched on again after it had been switched off. -- Ja, daar hoef ook nie ŉ puls te wees wat sal aandui dat die masjien aangeskakel was nie aangesien so ŉ puls ewe goed binne die ander puls weggesteek kan wees. Met ander woorde ek sê dat dit is nie nodig dat daar ŉ aparte puls sigbaar hoef te wees om te kan sê dat die bandmasjien op daardie manier weer aangeskakel het nie.

Are you/..

Are you saying that the other pulse can be stuck away or that it is stuck away into an existing pulse in this case? -- Ek sê dit kan weggesteek wees aangesien dit nie duidelik is of onder sulke omstandighede daar ooit 'n addisionele puls gevorm word nie. Die normale addisionele pulsie wat by aanskakel gevorm word sê ek is te sien in BEWYSSTUK ABD(7)16, 'n paar millimeters voor die punt wanneer die sein weer begin aan die regterkant van die foto en as dit by normale omstandighede so 'n klein puls is dan sê ek dit kan maklik wees dat onder hierdie omstandighede waarvan ek praat die puls òf nie gevorm het nie òf weggesteek is tussen die ander puls.

If the pulses on photograph ABD(7)12 show an on/off situation, do you accept that those set of on/off pulses are very different from the on/off pulses reflected in ABD(3) photographs 5, 6, 9 and 10? -- Ja, dit is duidelik in hierdie gevalle waarna verwys is dat sonder enige twyfel dit nie dieselfde bandmasjien is wat hier ter sprake is op BEWYSSTUK 31(1) en (2) nie as wat daar gebruik was vir die toetse in BEWYSSTUK ABD(3) met die foto's 5 en 6 en 9 en 10.

They are also dramatically different from the on/off situation at counter no. 024 depicted by your photograph ABD(7)16. -- Ja, dit is korrek.

I want to get to the beginning of this interruption and play for you, just to give you another opportunity to see whether you could hear the music there. We are starting to play, My Lord, at counter no. 287 on the 7 700, 242 on the 7 100. Your Lordship will find the approximate position at page 9 of the transcript shortly before the interruption which I indicated to Your Lordship which exist on page 9 yesterday. (Recording is played - stop.) Now, we have stopped at

counter/..

counter no. 291 on the 7 700 and counter no. 246 on the 7 100. Did you hear the music there this time or not? -- Ja, ek hoor die deel wat ek beskryf het as musiekagtige klank.

I put it to you that that is clearly music and it is very different from the sounds made by singing voices or melodic voices. -- Ek kan nie daarmee saamstem nie. Ek het daardie stukkie in baie fyn besonderhede ondersoek met my toerusting en ek kan geensins met daardie standpunt saamstem nie. ŉ Mens moet versigtig wees om ŉ te belangrike opinie te vorm oor so ŉ kort stukkie klank sonder om dit op ander maniere deeglik te analiseer.

Did you hear the voice saying something like "start" immediately after the music? -- Ja. Ek het die stem gehoor. Dit klink nie vir my na "start" nie. Dit klink vir my, om die waarheid te sê, na die Bantoewoorde "agê", maar daaroor is ek ook nie duidelik nie.

Did you hear the slight depression or distortion of sound before the music began? -- Nee, dit hoor ek nie. Ek sê, om die waarheid te sê, dat dit nie daar is nie. Ek aanvaar nie dat daar so iets is op die punt voor die musiek voorkom nie.

I put it to you that it is there. -- Ja, ek kan net weer sê dat ek daardie hele deel baie deeglik en fyn beluister het en geanaliseer het en gevind het dat die effek wat genoem is hier glad nie teenwoordig is nie. Wat daar gebeur is die applous die neem af so daar is ŉ natuurlike afname van applous op daardie punt en dan is daar die stem wat klink, soos wat ek sê "agê" wat ek my kan voorstel dat dit inpas daarby, dat ŉ nuwe spreker oppdie verhoog verskyn en iets sê om die gehoor te groet.

Before I tell you how we interpret this whole

section/..

section, I would like to play to you now the section which you called silent in between the music and so on what we say is in between the end of the recording which you have just heard now and the recommencement sound which occurs later and I want you to pay particular attention to see whether you could hear the sort of movement or walking in the background what we talk about which indicates that the recorder would have been on with the microphone at the time. (Recording is played - stop.)

COURT: The question is?

MR YACOOB: Do you accept that that sounds like movement in the vicinity of the tape recorder? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

In the vicinity of the microphone.

ASSESSOR (MR KRüGEL): Did you say tape recorder or microphone?

MR YACOOB: I said tape recorder and then changed it to microphone because one does not know exactly where the tape recorder was.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL): Is u antwoord nog dieselfde? -- Ja. My siening daarvan is dat daar nie klanke is wat ek duidelik genoeg kan hoor as synde beweging naby die mikrofoon nie. Daar is wel diverse klank wat ek daar hoor, maar my standpunt is dat dit normale klank is wat deurlek na die opnemer in 'n tyd wanneer daar kontakprobleme is.

MR YACOOB: Is it correct that nowhere else in all the tapes that you have examined in connection with this case, where there are contact problems, would you get that sort of sound or did you get that sort of sound? -- Ek stem nie daarmee saam nie. Daar is verskeie plekke waar ek wel klanke hoor deurbreek het, weliswaar nie hierdie spesifieke klank nie.

I put it to you that nowhere in any of these tapes

is/..

is there a situation where during contact problems there are these sort of sounds. -- Ja, ek stem saam dat daardie spesifieke klanke soos ek daar hoor, dié hoor ek nie op ander plekke gedurende kontakprobleme nie, maar soos ek gesê het ek hoor wel by sommige ander kontakprobleme klanke.

Now you say that this section from 442 to 445 that is starting with what we say the depression of sound and the music, up to the point where the recording recommences, is a combination of battery contact-problems and microphone-contact problems, is that correct? -- Ja, batterykontakprobleme en verbinderprobleme iewers tussen die mikrofoon en die bandopnemer. Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie situasie ook in my oorweging daarvan saam beskou is met 'n soortgelyke situasie wat by tellerlesing 670 op BEWYSSTUK 31(1) voorkom waar daar ook 'n hele aantal sekondes verlore geraak het uit die opname en dieselfde - in sekere opsigte dieselfde eienskappe geld, maar in ander opsigte heeltemal ander eienskappe.

We will come to that. At which point do you say that the microphone-contact problem began? -- By die deel, ongeveer in die middel van foto ABD(7)11 waar die klank skielik baie minder word en die streep wat die klank voorstel begin om feitlik konstant horisontaal te loop sonder veel uitwykings na bo en onder.

Do you say that the microphone-contact problem resolved itself? -- Die mikrofoon-kontakprobleem sou tot 'n einde gekom het iewers in die deel op die foto ABD(7)12 se middel waar daar 'n klein puls is en die deel naby aan die regterkant waar die sein weer natuurlik deurkom. Dit kon enige plek in daardie gedeelte weer herstel het en dieselfde effek veroorsaak het.

So you/..

So you say that the microphone-contact problem lasted for approximately seven seconds? -- Dit is korrek, ja.

Was there complete absence of contact during this period or what? -- Nee, volgens my mening kom daar wel nog ŉ klein hoeveelheid van die sein deur.

And are you saying that the sounds we hear on the tape recorder are sounds coming from where the microphone would have been but are unclear because of the microphone-contact problem? -- Ja, maar daar moet natuurlik in gedagte gehou word dat sulke willekeurige kontakprobleme soos wat daar wel voorkom op hierdie band, het dikwels ŉ neiging om nie volledig en nie konstant te wees nie. Met ander woorde ŉ mens kan kry dat gedurende die tydperk van kontakprobleem daar vir kort tydjies wel gedeeltelike herstelling is. Om net ŉ voorbeeld te gee van waaraan ek dink, gestel honderd persent kontakverbreking sou beteken dat daar niks klank deurkom nie. In hierdie geval is daar miskien iets soos 99% meeste van die tyd, maar dit varieer. Dit kan miskien wissel tussen 98 en 99,5 sodat daar fyn variasies is binne-in die amper volledige verbreking van kontak. Dit is die situasie wat ek sou verwag wanneer daar ŉ kortsluiting in die drade ontstaan eerder as ŉ verbreking van die kontak, met ander woorde dat die draad nie meer kontak maak nie. Daar is natuurlik nog ŉ effek wat ŉ mens sou kan oorweeg. Ek sê nie dat ek dit oorweeg in hierdie geval nie, maar dit is iets wat in sulke gevalle kan gebeur en dit is dat binne-in so ŉ bandmasjien waar die verbinder ingesteek word wat die sein vanaf die eksterne mikrofoon invoer is daar skakelaar wat die elektronika oorskakel tussen interne mikrofoon en eksterne mikrofoon. Net soos ŉ mens op enige ander plek probleme kan kry, kan ŉ mens ook

met daardie skakelaar probleme kry, dat daardie skakelaar baie kritiek is ek by tye vanself terugskakel vanaf eksterne mikrofoon na interne mikrofoon of dan selfs gedeeltelik oorskakel.

Do you rule that possibility out in this case? The possibility of some problem switching between internal and external microphones? -- Dit kan sekerlik nie ŉ volledige oorskakeling wees nie. Dit kan ek nie aanvaar nie. Aangesien ŉ ingeboude mikrofoon altyd ŉ klein hoeveelheid van die motor van die bandmasjien se geraas optel. ŉ Ingeboude mikrofoon kan dus nooit so ŉ lae vlak van klank opneem as ŉ eksterne mikrofoon nie, want hy hoor sy eie motor se geraas. Ek hoor nie in hierdie gedeelte wat ek sou kan beskryf soos iets wat klink soos ŉ motor se geraas nie en daarom sou ek sê as daardie moontlikheid oorweeg word, dan moet dit oorweeg word in die sin dat daar slegs gedeeltelike kontak met die interne mikrofoon gemaak word sodat slegs ŉ klein persentasie van sy klank opgeneem word en nie die volle klank nie.

My Lord, a number of the accused have difficulties which may arise out of the food that all of them ate. It seems that it is a large number of them, and I am asked to ask Your Lordship either to adjourn for five minutes or to take the tea adjournment now.

COURT: How big is the number?

MR YACOOB: Eight.

COURT: Are you sure it is the food?

MR YACOOB: I do not know.

COURT ADJOURNS FOR TEA. COURT RESUMES.

LEENDERD PIETER CHRISTIAAN JANSEN (Nog onder eed)

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB: Do you now

consider/..

consider it a possibility that there was an intermittent switching from one microphone to another, from the internal to the external microphone? -- Nee, ek het gesê dat volgens my mening is dit nie wat gebeur het nie, maar dit is een van die situasies wat oorweeg kan word in so ŉ geval.

Have you experienced that musical effect that we spoke of in any of the contact problems in all the tapes before this Court which you have examined? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek daardie spesifieke tipe probleem teëgekom het in enige van hierdie bande nie.

I want to put it to you that on a proper analysis of the whole of the occurrence between counter reading 442 and 445 we say that there were three efforts to erase something at this point. The first effort commenced before the music began and took in some music, the second effort ended at wiping out the music, began before the voice which you hear there. The third effort began immediately after that voice and possibly cut some of it out, but gave rise to the sounds that you hear in the comparatively silent part in the - comparatively silent part between the point at which the sound stops and the point at which the sound begins. -- Die siening soos voorgehou kan ek hoegenaamd nie mee saamstem nie. Ek sê dat dit nie moontlik was nie en ek grond my mening daarop dat in die gedeelte aan die linkerkant van ABD(7)11, en dit sluit moontlik ook in ŉ deel nog voor dit wat nie op die foto verskyn nie, maar wat ek wel ondersoek het, in daardie deel is daar geen plek waar die klank verdwyn nie behalwe by ŉ aantal kort verdwyings van klank wat ŉ tydjie voor dit gebeur en wat in my notas aangedui is as die verdwynings van klank by 442, maar dit sluit nie - daardie val buite die gebied

wat deur/..

wat deur hierdie voorstelling van wat gebeur het deur die Verdediging ingesluit is. Die oorgange tussen die verskillende dele van die sein, insluitende die deel van musiekagtige klank, is glad, sonder enige diskontinuïteite wat nie strook met die veronderstelling dat daar pogings aangewend was om op daardie punt spraak uit te gee nie. So, die besware teen die meervoudige uitgeeproses lê in terme van die gedrag wat ek waarneem in die gedeelte hoofsaaklik aan die linkerkant van die foto ABD(7)11.

HOF: Om u herinnering ʼn bietjie op te skerp, waar sou die beweerde musikale effek lê op (7)11? -- Dit is by die klanksein wat strek vanaf die punt ongeveer 21 of 22 millimeter van die linkerkant af tot by ongeveer 26 millimeter vanaf die linkerkant. Dit is die tweede redelik hoë groep van seine wat van die linkerkant af te sien is.

ASSESSOR (PROF. JOUBERT): Wat op die afdruk so half vaal voorkom? -- Dit is op die afdruk ʼn bietjie vaal, ja.

HOF: Dit is nou daar voor sou daar, volgens die Verdediging, ʼn onderbreking wees? -- Dit is korrek.

In ʼn poging om iets uit te haal. Ja, dankie.

MR YACOOB: I just want to put it to you that as far as we are concerned the musical bit starts at about 12 millimetres from the left-hand side of the photograph and ends at about 16 millimetres from the left-hand side of the photograph.

HOF: Dit is dan die eerste hoë groep pulse in plaas van die tweede hoë groep pulse.

MR YACOOB: That is so. -- U Edele, ek kan my versekering gee dat ek daardie deel deeglik bestudeer het en met behulp van die toerusting tot my beskikking is dit moontlik om baie akkuraat vas te stel watter klank kom van watter deel af

en ek/..

en ek het geen twyfel daaromtrent dat dit wel die tweede redelik hoë pulsgroep is wat die musiekagtige klank het en nie die eerste nie.

ASSESSOR (PROF. JOUBERT): As ek weer mag vra hierdie vaal kleur van die afdruk, dit vergelyk ook met (7)12, dit beteken niks. Die vaal vergelyk met die wit. -- Nee, die vaal kom in uit die fotografiese proses. Dit word gevind by dele waar daar groter sein is wat veroorsaak dat die kolletjie nou vinniger na onder en bo beweeg, die ossilloskoopskerm se kolletjie en die effek wat dit op die fotografiese film het is gevolglik kleiner. So, dit is tipies in sulke gevalle dat ʼn vinnig-bewegende deel of ʼn hoë amplitude deel ʼn ligter kleur sal hê as ʼn deel wat stadig beweeg. Dit is altyd ʼn probleem wanneer ʼn mens so ʼn foto afneem as jy dit instel dat die vinnig-bewegende dele duidelik uitkom, dan is die stadig-bewegende dele heeltemal oorbelig.

MR YACOOB: I put it to you that there is a disappearance of sound or a depression of sound towards the end of the first 12 millimetres of your photograph, ABD(7)11. -- Dit is korrek dat die sein daar besig is om af te neem. Op die foto kan dit ook gesien word dat daar ʼn deel is waar die sein kleiner is, maar ek het daardie deel spesifiek vergelyk met vorige dele en dit is sekerlik wel ʼn geval daarvan dat dit applous is wat besig is om af te neem. Die applous het vir ʼn geruime tyd aangegaan en was op hierdie deel besig om swakker te word. As ʼn mens die aparte dele beluister dan is dit duidelik dat daar ʼn egalige afname is in die applous en dit is wat veroorsaak dat daar ʼn verminderde sein waargeneem word en nie enigiets anders nie.

COURT: Have we not trodden this spot before, Mr Yacoob?

Backwards/..

Backwards and forwards.

MR YACOOB: Not according to my notes. I just want to put one more thing to him in relation to this and that is the end of this.

COURT: Yes.

MR YACOOB: I just want to put it to you that that is a depression which characteristically occurs at the beginning of an erasing process or a rerecording process over an existing recording. -- Ek stem nie saam dat dit die verklaring is vir daardie verskynsel nie.

I now want to move to the next comparatively long interruption which is described by you under your counter reading 670 in your report. -- U Edele, ek sal graag die foto's wil inhandig wat verband hou met daardie deel. Daar is twee foto's daarop.

HOF: Dit sal wees ABD(7)18 en 19.

MR YACOOB: May there be just some identification for my purposes about which is which.

COURT: Yes, I will just take them in first. Die foto ABD(7)18 is die foto wat die begin aandui en waarop staan 670. Die foto ABD(7)19 is die foto wat die einde aandui en waarop staan 672.

MR YACOOB: Can you quickly indicate to us what your photograph ABD(7)18 represents by giving some kind of indication as to distance as well. -- Ja, ek wil net gou kyk dat ek dit kan vergelyk met die transkripsie ook. In die transkripsie verskyn dit op bladsy 13. Die foto's ABD(7)18 en ABD(7)19 is van die begin- en einde-dele van die verdwyning van klank soos beskryf in my BEWYSSTUK ABD(6)2 onder die tellerlesing 670 by band 1 kant 1, dit wil sê die eerste bladsy daarvan.

ABD(7)18 wys twee sekondes by die begin van die verdwying van klank en ABD(7)19 wys twee sekondes aan die einde van die deel. Ek kan miskien net op hierdie stadium sê dat die wit strepie in die middel, die horisontale streep aan die linkerkant van ABD(7)19 is veronderstel om naby die heel linkerkant van die foto te begin en die enigste rede waarom dit nie daar begin nie is omdat die kamera se knoppie 'n bietjie laat gedruk was toe die kolletjie alreeds 'n entjie wegbeweeg het in die prentjie in, maar dit is weer eens 'n geval dat die gebied vanaf die regterkant van ABD(7)18 en tot by die linkerkant van ABD(7)19, daardie gebied geen opvallende eienskappe bevat nie. Die strepie loop deurgaans feitlik horisontaal met effense kartelings. Die ooreenstemmende plek op bladsy 13 is in die .. (tussenbeide)

HOF: U het al gesê daar waar staan "no sound two counts". -- Ja, dit is korrek.

MR YACOOB: Now, can you give us a description of what photograph ABD(7)18 is suppose to represent with some indication as to distance of those photographs as well. -- Volgens my verduideliking .. (tussenbeide)

HOF: Kan ek net duidelikheid kry, is daar 'n oorvleueling van 'n stukkie van die horisontale streep op ABD(7)18 met die horisontale streep van (7)19 of is daar 'n stuk weg tussenin wat nie gedek word deur die twee foto's nie? -- Daar is 'n stuk weg tussenin, maar dit is die stuk wat ek gesê het wat ek op my ossilloskoop ondersoek het en gevind het dat daar niks, geen eienskappe is wat opvallend is nie.

Dankie. -- In hierdie geval is my siening van die saak dat daar eers 'n batterykontak-onderbreking was wat sou veroorsaak dat die bandopnemer vir 'n onbekende tyd afgeskakel

het/..

hêt en dat gedurende die tyd wat die bandopnemer af was daar ŉ verbindingskontakprobleem ontstaan het, sodanig dat toe die bandmasjien weer begin werk nadat die batterykontakverbreking herstel was, is daar geen sein opgeneem tot op die punt waar ŉ mens op ABD(7)19 kan sien dat daar ŉ sein opgeneem is nie. Die verbindingsprobleem het dus herstel op die punt op ABD(7)19 waar dit duidelik is dat die sein weer normaalweg deurkom.

Kan u net vir my nou verduidelik op die eerste foto, ABD(7)18 het ons sein aan die linkerkant, heel links op die foto, en dan in die middel van die foto het ons ŉ klompie pulse. Wat is dit heel links en wat is dit in die middel of ŉ bietjie meer regs van die middel op die foto? -- Die deel heel links is sein wat opgeneem is en by die punt waar daardie sein skielik verdwyn, dit is die plek waar ek sê waar die battery-kontak ontstaan het .. (tussenbeide)

Die kontakprobleem? -- Die kontakprobleem ontstaan het, ja, en die wiskop was op daardie oomblik op daardie posisie - ek-skuus, die opneemkop was op daardie oomblik op daardie posisie van die band.

En die wiskop was waar? -- En die wiskop was op die punt waar die pulsgroep wat net regs van die middel voorkom begin.

MR YACOOB: Let me put it to you this way, how do you calculate the time by measuring the distance between the point at which you say the record head was and the point at which you say the erasure head was at that time, at the time when the interruption took place? -- Wel, as die hele foto twee sekondes beslaan, en dit stem ooreen met ongeveer 96 millimeter, dan sal daardie gedeelte wat ongeveer so iets soos 45 millimeter is, net ŉ klein bietjie minder wees as een sekonde.

Isn't/..

Isn't that twice the time that ought to be represented by the distance between the record head and the erasure head? -- Ja, dit is korrek. Ek sien nou dat dit is - die afstand stem nie ooreen met die normale half sekonde wat verwag word nie en dit beteken dan dat ek my verduideliking effens moes wysig soos ek vir die Hof verduidelik het. Dit beteken die opneemkop kon dus nie gewees het op die plek waar die klank verdwyn nie, maar moes dus al verder gewees het iewers binne-in die stildeel. Dit sou dus beteken dat die mikrofoon-verbindingsprobleem reeds sou ontstaan het voordat die batterykontakprobleem ontstaan het en dat as gevolg van die verbindingsprobleem die sein verdwyn op daardie punt.

So, the pulse which you earlier said was the record-head pulse on the photograph, what do you now say that pulse represents? -- Nee, ek sê nog altyd dit is die - ekskuus. Die wiskop se puls, dié sê ek is nog steeds dieselfde en op dieselfde plek, maar in hierdie geval is daar geen puls sigbaar vanaf die opneemkop nie.

The pulse which you earlier assumed was the pulse of the recording head, what do you now say that is? -- Nee, ek het nie gesê dat daar ŉ puls is as gevolg van die opneemkop nie. Ek het net verduidelik dit is die posisie waar die opneemkop sou wees.

The pulse of the erasure head, is that the pulse which now indicates the beginning and the end of the battery-contact problem or what? -- Nee, dit dui aan die plek waar die batterykontak begin het aan die linkerkant van daardie pulsgroep, net regs van die middel van ABD(7)18, maar dit moet natuurlik in gedagte gehou word dat die bandmasjien nog vir ŉ klein tydjie aanhou loop al is die krag af en volgens alle aanduidings

lyk dit asof die bandmasjien beweeg tot iewers na die punt waar die wiskop se pulsgroep heeltemal geëindig het. Die masjien sal dan op daardie plek staan en wag en van daardie plek af weer voortbeweeg. Dit is nie duidelik uit die foto presies waar daardie plek sal wees nie.

Does the end of the battery-contact problem, that is to say when the tape begins again to run, does that give rise to any pulse necessarily? -- Nie noodwendig nie. Dit is een van die dinge wat ek sou vermoed saamhang met sterkte van sein wat na die bandmasjien gevoer word en hoe swakker die sein hoe swakker sal die puls wees. In hierdie geval waar ek sê dat daar ŉ verbindingsprobleem is en daar geen sein na die bandmasjien toe gaan nie wil ek aanvaar dat die situasie geredelik kan ontstaan dat die bandmasjien kan begin loop sonder dat daar ŉ puls op die band geplaas word.

Now, in describing the problem in your report at counter no. 670 you say that this is a combination of battery and microphone-contact problems but in another order. Do you now change that view? -- Wel, dit sal steeds in ŉ ander orde wees in die sin dat die batterykontakprobleem nader aan die begin, baie naby aan die begin van die stilgedeelte is en nie naby aan die einde nie.

My Lord, may we have a look at the original of ABD(7)18, please? I want to put it to you that this pulse on ABD(7)18 which you say was caused by the erasure head, corresponds very closely with the erasure-head pulse reflected on ABD(7)13. Please have a look at both originals together if you can, ABD(7)13 and ABD(7)18 and tell us whether you agree.

<u>HOF</u>: Wil u die oorspronklikes hê? -- Asseblief. Daar is ŉ ooreenstemming tussen hulle, maar die ooreenstemming strek

nie/..

nie tot in die fyn besonderhede nie.

I put it to you that that pulse is closest to ...

COURT: Which pulse?

